**Education and Sport Development**

Department of Education and Sport Development
Departement van Onderwys en Sportontwikkeling
Lefapha la Thuto le Tlhabololo ya Metshameko
**NORTH WEST PROVINCE**

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## SEPTEMBER 2015

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Korter transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik vir jou beplanning byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 60 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 30 minute

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTEL

Skryf 'n opstel van ongeveer 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe. Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

## VRAAG 1

### 1.1 JONGMENSE EN HULLE KULTURE




[Uit: http://www.google.com]

Jongmense het hulle eie kultuur. Skryf 'n **opste**l waarom jy sê jongmense hulle eie idees het.

Dink aan die volgende:

- Watter soort kleredrag hou hulle van?
- Watter musiek hou hulle van?
- Watter tipe kos hou hulle van?
- Watter vriendskappe sluit hulle? **[40]**

1.2 **EERS VYANDE – NOU VRIENDE!**



[Uit: *Huisgenoot,* 2013]

Elkeen van ons ken iemand van wie ons eers nie gehou het nie, maar nou is ons baie goeie vriende.

Skryf ′n **opstel** waarin jy vertel van so ‘n vriend.

Dink aan die volgende:

- Hoekom het julle nie van mekaar gehou nie?
- Wat het julle nader aan mekaar gebring?
- Wat beteken julle vriendskap nou vir mekaar? **[40]**

1.3 **′N DAG SAAM MET ′N STRAATKIND**



[Uit: *Beeld,* 2014]

Jy het ′n dag saam met ′n straatkind deurgebring.

Skryf 'n **opstel** waarin jy vertel of beskryf wat gebeur het.

Dink aan die volgende:

- Wat het jy saam met die straatkind gedoen?
- Hoe het mense julle behandel?
- Watter lesse het jy geleer? **[40]**

Kopiereg voorbehou 

## 1.4 AS EK EERS 'N PASPOORT HET




[Uit: *Image Library*, 2012]

Wat sal jy alles doen as jy jou paspoort besit?


Skryf 'n **opstel** waarin jy vertel van alles wat jy sal doen.

Dink aan die volgende:

- Waarom is 'n paspoort vir jou so belangrik?
- Watter droomplekke wil jy graag besoek?
- Wat, dink jy, is die voordele daarvan as jy 'n paspoort besit? **[40]**

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n **opstel** daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel 'n TITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1




[Uit *Sowetan*, 2014]
**[40]**

1.5.2




[Uit: *Google Images*] **[40]**

1.5.3



[Uit: *Sowetan,* 2014]. **[40]**

1.5.4



[Uit: *Huisgenoot,* 2014] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 2

### 2.1 FORMELE BRIEF

Daar het die afgelope tyd baie misdaad in jou dorp plaasgevind. Mense is beroof, aangerand en motors is gekaap.

Julle gemeenskap het besluit dat jy 'n **formele brief** aan die "SOWETAN" moet skryf. Skryf nou hierdie brief met die onderwerp: MISDAAD VERNIETIG ONS GEMEENSKAP.

Gebruik die volgende adres:
Posbus 79, Rustenburg, 0300.

Dink aan die volgende:

- Watter soort misdaad vind julle gemeenskap plaas?
- Hoe laat die misdaad julle voel?
- Wat doen die polisie aan die saak?
- Wat dink jy moet gedoen word om die misdaad te verminder. **[20]**

## 2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jou ouers het besluit om jou na ′n skoolkoshuis toe te stuur.

Skryf ′n **brief** aan jou maat waarin jy hom/haar van jou nuwe skool en die lewe in die koshuis vertel.

Dink aan die volgende:

- Waar is die skool?
- Hoe lyk die skool?
- Hoe is die lewe in die koshuis?
- Vertel van jou nuwe maat en jou klasonderwyser.
- Is jy gelukkig/ongelukkig in jou nuwe skool? **[20]**

## 2.3 DIALOOG

Daar is een van jou familielede met wie jy nie praat nie. Jy het besluit om jou oupa oor hierdie persoon uit te vra.

Skryf nou hierdie **gesprek** tussen jouself en jou oupa oor hierdie persoon neer.

Begin die gesprek só …
*(Reël oop)*
Ek : Oupa, ek het ′n probleem met my broer.
*(Reël oop)*
Oupa: Ek is jammer, my kleinseun.
*(Reël oop)*
Ek: …
*(Reël oop)*
Oupa: …

**LET WEL:** Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

Kopiereg voorbehou

## 2.4 INFORMELE VERSLAG

Die leerders in jou skool wil nuwe skooldrag hê. Hulle het verlede week vergadering gehou om skooldrag te bespreek.

Skryf ′n **verslag** oor die bespreking en die besluite wat by die vergadering geneem is.

Dink aan die volgende:

- Wat is die probleem met die ou skooldrag?
- Watter veranderings wil die leerders aan die skooldrag hê?
- Wanneer wil hulle die nuwe skooldrag begin dra?
- Sal almal die nuwe skooldrag kan bekostig? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORTER TEKS: TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 50–80 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

## VRAAG 3

## 3.1 UITNODIGINGSKAARTJIE

Jou broer word aan die einde van Oktobermaand 60 jaar oud. Sy vrou besluit om vir hom ′n verrassing en spesiale verjaarsdagpartytjie te hou.

Maak ′n **uitnodigingskaartjie** om die gaste uit te nooi.

Dink aan die volgende:

- Wat is die geleentheid?
- Waar en wanneer word die partytjie gehou?
- Wie word na die partytjie toe genooi?
- Watter klere moet die gaste aantrek?
- Wie is die kontakpersoon en hoe kan ′n mens met hierdie persoon kontak maak? **[20]**

3.2 **INSTRUKSIES**

Jy was verlede jaar in graad 12 en was een van die leiers van jou skool. Die hoof van jou vorige skool het jou onlangs gevra om jou skool te besoek en met die nuwe skoolleiers te praat.

Jy moet aan hulle instruksies gee oor hoe om die skool 'n veilige plek vir alle leerders te maak.

Skryf SEWE **instruksies** een-vir-een onder mekaar neer wat jy vir die skoolleiers sal gee.

Dink aan die volgende:

- Wat maak die skool onveilig?
- Wat kan skoolleiers daaraan doen?
- Hoe moet hulle optree as leerders aggressief raak?
- Hoe kan leerders daartoe bydra om die skool veilig te maak? **[20]**


## 3.3 POSKAART

Jy is weg met vakansie en het jou maat baie lank laas gesien. Jy wil graag op pad terug huis toe by jou maat oorslaap en stuur ʼn poskaart aan hom/haar.

Skryf die **poskaart** aan jou maat om hom/haar te laat weet dat jy binne ʼn paar dae daar sal wees.

Dink aan die volgende:

- Waar is jy nou met vakansie?
- Wat is jou planne vir die volgende paar dae?
- Wanneer behoort jy by jou maat te wees?
- Hoe lank gaan jy daar kuier?




Teken ʼn poskaart in jou ANTWOORDEBOEK. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou